SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: AFRIKANER
Date: 17-Nov-2011
Topic: 01
Ref No: 3979

1

ID: 04007329-01
Source Page: 3

# Stakings laat versekeraar sidder

**Ray Wagner**

Stakings en die geweld wat daarmee gepaard gaan laat versekeringseise die hoogte inskiet. Eise weens arbeidstakings het in 2010-2011 met 70% toegeneem tot R200 miljoen, terwyl dit in die vorige boekjaar minder as R15 miljoen beloop het.

Die spesiale risiko-versekeringsmaatskappy Sasria, sê hy moes verlede jaar vir die eerste keer in dekades groot eise uitbetaal vir skade wat in stakings aangerig is.

Sasria word deur die regering herverseker, wat beteken die koste van skade weens maatskaplike onrus word uiteindelik deur die belastingbetaler betaal.

Versekeringseise vir treine wat aan die brand gesteek word, beloop R40 miljoen per jaar en vir 'n gewone arbeidstaking in Johannesburg se middestad word tot R5 miljoen betaal.